

<b>EKSAMEN</b>		<b>NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT</b>	
<b>GRAAD</b>		12	
<b>DATUM</b>		NOVEMBER 2025	
<b>VAK</b>		REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE	
<b>VRAESTEL</b>		2	
<b>PUNTETOTAAL</b>		150	
<b>TYDSDUUR (UUR)</b>		3	
<b>AANTAL BLADSYE</b>		17	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE  
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Hierdie vraestel bestaan uit:  
**AFDELING A:** (25 punte)  
**AFDELING B:** (75 punte)  
**AFDELING C:** (50 punte)
- Beantwoord **ALLE** vrae/afdelings in die ANTWOORDBOEK.
- Nommer die vrae korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
- Begin **ELKE** vraag op 'n **NUWE** bladsy.
- Laat 'n reël oop tussen **ELKE** subvraag.
- Lees elke vraag aandagtig deur voordat jy dit beantwoord en **MOENIE** meer inligting gee as wat die vraag vereis nie, want dit sal **NIE** nagesien word nie.
- Een punt word per feit toegeken; daarom sal 'n 2-punt vraag **TWEE** feite vereis, ens.
- Antwoorde soos 'stadiger/vinniger' en 'goedkoper' ens. sal **SLEGS** met motivering aanvaar word.
- Alle antwoorde **MOET** verband hou met RekenaartoePASSINGstegnologie. Moet **NIE** handelsname in jou antwoord gebruik tensy dit spesifiek vereis word nie.
- Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



## AFDELING A

### VRAAG 1: PAS-ITEMS

Kies die toepaslike term/konsep vanuit KOLOM B wat pas by 'n verduideliking in KOLOM A. Skryf SLEGS die letter langs die vraagnommers (1.1 tot 1.10) in die ANTWOORDBOEK bv. 1.11 U.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	Hierdie sagteware lees en vertoon webblaaie en laat gebruikers toe om tussen verskillende webwerwe te navigeer	A	3D-vorming
		B	Visuele werklikheid
1.2	Skep prototipes en fisiese modelle	C	Optiese aandrywer
		D	Vastetoestel aandrywer ('Solid State Drive')
1.3	'n Digitale rekord wat transaksies op verskeie rekenars stoor, wat dit baie moeilik maak om enige van die gestoorde inligting te verander	E	Avg
		F	Webblaaier ('Webbrowser')
1.4	'n Tegnologie wat vir vermaak- of opleidingsdoeleindes gebruik word	G	CountA
		H	HTML
1.5	Hierdie toestel werk op dieselfde beginsel as 'n geheuestokkie ('flash drive')	I	Blokketting ('Blockchain')
		J	Count
1.6	Dit kan lei tot verminderde fokus, probleme met besluitneming en laer algehele produktiwiteit	K	Sum
		L	3D-drukwerk
1.7	Die proses om patrone en tendense in groot datastelle te ontdek	M	<td>
		N	Average
1.8	Hierdie funksie sal die gemiddeld van veldwaardes in 'n Access (databasis) verslag bereken	O	Data-ontginning ('Data mining')
		P	Virtuele werklikheid
1.9	Hierdie sigbladfunksie bepaal die aantal nie-leë selle in 'n gespesifiseerde reeks, ongeag die inhoud van die sel	Q	Data pakhuis ('Data warehouse')
		R	Multifunksie drukker
1.10	Hierdie merker ('tag') skep 'n sel in 'n tabel se ry	S	Inligtingoorlading
		T	<tr>

[10]



## VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE

2.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die mees toepaslike antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommers (2.1 tot 2.5) in die ANTWOORDBOEK neer, byvoorbeeld 2.6 D.

2.1 Die medium wat 'n strepieskodeskandeerder gebruik om 'n strepieskode te lees.

- A Radiogolwe
- B Ligsensors
- C LTE
- D NFC

(1)

2.2 Die tipe sagteware sonder enige formatering en wat geen grafika ondersteun nie.

- A RTF
- B TXT
- C STL
- D Nutsprogram

(1)

2.3 'n Standaard wat in draadlose kommunikasie gebruik word wat hoëspoed data-oordrag tussen sellulêre toestelle verskaf.

- A LTE
- B FTP
- C 802.11 A/B/G/N
- D IMAP

(1)

2.4 Die protokol wat gebruik word om e-posboodskappe te stuur.

- A POP3
- B SMTP
- C FTP
- D TCP/IP

(1)

2.5 Dit verwys na die praktyk om vanaf 'n afgeleë plek te werk, dikwels van die huis af of 'n ander plek buite die tradisionele kantoor omgewing.

- A Klein kantoor tuiskantoor ('SOHO')
- B Afgeleë indiensneming
- C Mobiele kantoor
- D Telependel ('Telecommuting')

(1)

**[5]**



### VRAAG 3: WAAR OF ONWAAR ITEMS

Dui aan of die volgende stellings **WAAR** of **ONWAAR** is. Skryf 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (3.1 tot 3.10) in die ANTWOORDBOEK neer. Korrigeer die stellings wat ONWAAR is deur die onderstreepte woord te verander sodat die stelling WAAR is.

Let wel:

Jy mag **NIE** die woord 'nie' gebruik om die stelling te verander nie.

Geen punt sal toegeken word indien slegs ONWAAR geskryf word nie.

- 3.1 Gebruikers kan verskeie webwerwe in een blaaiervenster ('browser window') oopmaak met behulp van verskeie vensters. (1)
- 3.2 E-leer behels die gebruik van mobiele toestelle soos slimfone en tablette. (1)
- 3.3 4IR fokus op die samewerking tussen mense en gevorderde tegnologieë en NIE die kombinasie van digitale, biologiese en fisiese tegnologieë NIE. (1)
- 3.4 SSD's het 'n beperkte aantal skryfsiklusse. (1)
- 3.5 IDV's ('ISP') is 'n diens wat die URL verander na 'n korter, makliker om te onthou URL. (1)
- 3.6 Kuberkrakery ('Hacking') is die ongemagtigde toegang, manipulasie en uitbuiting van rekenaarstelsels of netwerke. (1)
- 3.7 'n Blog is 'n samewerkende platform wat gebruikers in staat stel om gesamentlik by te dra tot die inhoud en die wysiging van al die inhoud. (1)
- 3.8 'n Voorbeeld van 'n veldkode in MS Word word in die prent hieronder vertoon. Ctrl+F9 is die kortpad om veldkodes te vertoon. (1)
- Page { PAGE } of { NUMPAGES }
- 3.9 Possamevoeging ('Mail merge') word gebruik om outomaties individuele besonderhede in elke kopie van dieselfde dokument in te voeg. (1)
- 3.10 Om slegs formatering in 'n sigblad te plak, gebruik jy die spesiale plak ('paste special') kenmerk in plaas van die standaard plak funksie. (1)

[10]

**TOTAAL AFDELING A: [25]**



## AFDELING B

### VRAAG 4: STELSELTECHNOLOGIEË

4.1 Opdaterings is 'n belangrike deel van stelselonderhoud. Bespreek kortliks TWEE moontlike probleme wat in 'n rekenaarstelsel kan voorkom as dit afgeskakel word terwyl opdaterings geïnstalleer word. (2)

4.2 Identifiseer hierdie tipe verbinding.



(1)

4.3 Verduidelik die voordele van die gebruik van 'n drukker wat vanaf wolkbergingdienste ('cloud storage') kan druk in vergelyking daarmee om slegs Wi-Fi te gebruik om te druk. (2)

4.4 Sagteware gaan deur verskillende stadiums van ontwikkeling voordat die finale weergawe aan die publiek vrygestel word. Beantwoord die volgende vrae.

4.4.1 Verduidelik wat 'n beta-weergawe is. (2)

4.4.2 'n Beta-weergawe van sagteware kan versoenbaarheidsprobleme met sekere hardeware veroorsaak. Identifiseer TWEE algemene hardeware komponente waarmee sagteware versoenbaar moet wees. (2)

4.5 Webgebaseerde toepassings word meer gewild met baie voordele vir beide die gebruiker en die sagteware-skeppers. Beantwoord die volgende vrae.

4.5.1 Verskaf TWEE redes waarom webgebaseerde toepassings meer toeganklik vir gebruikers is. (2)

4.5.2 Hoe gereeld moet jy 'n webgebaseerde toepassing op jou rekenaar opdateer? Motiveer jou antwoord. (2)

4.6 Noem TWEE SVE hardeware faktore wat die werkverrigting van die SVE beïnvloed. (2)

4.7 Sommige advertensieware ('adware') is ontwerp om advertensies te vertoon, terwyl ander meer kwaadwillige bedoelings kan hê. Beskryf kortliks hoe advertensieware vir kwaadwillige doeleindes gebruik kan word. (2)



- 4.8 Verskeie gleuwe en poorte bestaan op die moederbord om verbindings met komponente en toestelle moontlik te maak. Dui aan watter komponente aan elk van die volgende gekoppel sal word.
- 4.8.1 DIMM-gleuwe (1)
  - 4.8.2 ZIF-sok/prop (1)
  - 4.8.3 SATA (1)
  - 4.8.4 HDMI (1)
- 4.9 Afgesien van die tipe verbinding, identifiseer TWEE hardeware komponente wat 'n rol speel in die gehalte van die beelde wat vertoon word. (2)
- 4.10 Dit is soms raadsaam om jou blaaiergeskiedenis ('browsing history') uit te vee. Afgesien daarvan om jou blaaiergeskiedenis te verloor, beskryf TWEE nadele van die skoonmaak van jou blaaiergeskiedenis. (2)

**[25]**



## VRAAG 5: NETWERK- EN INTERNETTEGNOLOGIEË

5.1 NFC word deur individue en besighede gebruik. Beantwoord die vrae wat volg.

5.1.1 Gee 'n kort beskrywing van NFC. (2)

5.1.2 Onderskei tussen NFC en Bluetooth in terme van die verbindingsafstand en oordragspoed. (2)

5.2 Gee EEN strategie om te voorkom (nie na te spoor nie) dat mense toegang tot onvanpaste webwerwe verkry. (1)

5.3 Die toestel wat hieronder gewys word, word algemeen in 'n huis aangetref en voer twee verskillende take uit. Hierdie twee take word gewoonlik deur twee verskillende toestelle in groter netwerke uitgevoer. Identifiseer die twee toestelle wat hierdie een toestel vervang en gee 'n kort beskrywing van die doel van elke toestel.



(4)

5.4 Noem die kommunikasiemedium wat in langafstand ondersese kables gebruik word. (1)


5.5 Wolkberging ('cloud storage') en wolkrugsteun ('cloud backup') het baie algemeen geword vir beide besighede en persoonlike gebruik. Beantwoord die vrae wat volg.

5.5.1 Verskaf TWEE voordele van die gebruik van wolkrugsteundienste in plaas van wolkberging vir rugsteun doeleindes. (2)

5.5.2 Verduidelik die verskil tussen wolkberging en wolkrugsteun. Dui wolkberging en wolkrugsteun duidelik aan, gevolg deur jou antwoord. (2)

5.6 Terwyl jy op die internet blaai ('browse'), kan jy 'n 'Page Not Found'-fout teëkom. Noem EEN moontlike fout wat 'n webontwikkelaar dalk gemaak het om hierdie fout te veroorsaak.

Let wel: Jou antwoord moet verband hou met die aksies van die webontwikkelaar.



(1)

**[15]**



## VRAAG 6: INLIGTINGSBESTUUR

- 6.1 'n Vraelys is 'n stel vrae wat ontwerp is om inligting van individue in te samel. Verskeie kontroles kan gebruik word wanneer 'n elektroniese vorm met geslote vrae geskep word. Verduidelik kortliks waarvoor die volgende kontroles gebruik sal word.
- 6.1.1 Radioknoppies ('Radio buttons') (1)
- 6.1.2 Merkblokkies ('Check boxes') (1)
- 6.1.3 Aftreklys/kombinasieboks/lysblokkie ('Dropdown list/combo box/list box') (1)
- 6.1.4 Datumselekteerder ('Date Pickers') (1)
- 6.2 Databasisnavrae is kragtige instrumente in data-analise. Motiveer waarom die volgende stelling waar is deur te verwys na die opsies wat beskikbaar is wanneer navrae geskep word.
- Verskeie eienskappe en hulpmiddels in navrae maak dit 'n waardevolle hulpmiddel om data te ontleed. (2)
- 6.3 Grafieke is 'n uitstekende hulpmiddel om data visueel voor te stel. Behalwe vir etikette ('labels') en 'n titel, gee TWEE elemente wat by 'n staafgrafiek gevoeg kan word om dit makliker te maak om te interpreteer. (2)
- 6.4 Onderskei tussen 'n bibliografie en 'n aanhaling ('citation') deur die verskil in die doel van 'n bibliografie en 'n aanhaling te gee. Dui bibliografie en aanhaling duidelik aan, gevolg deur jou antwoord. (2)

**[10]**



## VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

- 7.1 Verskillende tegnieke kan gebruik word om akkurate resultate te kry wanneer jy aanlyn soek. Verduidelik kortliks watter resultaat jy sal kry as jy elk van die volgende metodes in jou soektog gebruik.
- 7.1.1 Gebruik aanhalingstekens (" ") aan weerskante van die frase waarna jy soek. (1)
- 7.1.2 Gebruik 'n minusteken (-) voor 'n woord. (1)
- 7.2 Sal deelware ('shareware') jou ooit vra om 'n produksleutel in te voer? Motiveer jou antwoord. (2)
- 7.3 Onderskei tussen uitvissing ('phishing') en 'smishing' in terme van die bron wat deur elkeen gebruik word. Dui uitvissing en 'smishing' duidelik aan, gevolg deur jou antwoord. (2)
- 7.4 Sleutelvaslegger ('Keylogger')-sagteware kan vir kwaadwillige doeleindes gebruik word. Beantwoord die volgende vrae.
- 7.4.1 Gee 'n duidelike verduideliking van wat 'n sleutelvaslegger is. (2)
- 7.4.2 Gee EEN voorbeeld van die kwaadwillige bedoelings wat genoem is. (1)
- 7.5 Voorspel EEN negatiewe gevolg vir jou stelsel as e-possgteware 'n .exe ('uitvoerbare') lêer as 'n aanhegsel aanvaar. (1)

**[10]**



**VRAAG 8: OPLOSSINGSONTWIKKELING**

- 8.1 Watter eienskap in e-possgeware sal jou toelaat om 'n e-pos aan verskeie ontvangers te stuur sonder om die e-posadresse van al die ontvangers te vertoon? (1)
- 8.2 Die volgende prent is deel van 'n sigblad wat items lys wat ontvang word deur 'n winkel wat tweedehandse goedere verkoop. Hulle gebruik hierdie sigblad om tred te hou met die voorraad wat hulle ontvang het en statistieke te genereer. Beantwoord die vrae wat volg.

	A	B	C	D	E	F	G	H	I
	Item	Item Kode	Datum Aangekoop	Datum Verkoop	Aankoop Prys	Verkoop Prys	Wins	Soek Item	Item Verkoop Prys
1									
2	Stoel	St39	31/01/2024	10/02/2024	R250.00	R320.00	R38.00	Lamp	27
3	Rekenaar	Re16	10/02/2024	12/02/2024	R720.00	R890.00	R81.00		
4	Kabinet	Ka97	11/02/2024	21/02/2024	R120.00	R180.00	R42.00		
5	Tas	Ta43	15/02/2024	21/02/2024	R55.00	R88.00	R24.20		
6	Lamp	La21	21/02/2024	23/02/2024	R27.00	R42.00	R10.80		

- 8.2.1 Die item kode (kolom B) word genereer deur die eerste twee karakters van die item (kolom A) te kombineer met 'n ewekansige gegengenererde nommer tussen 10 en 99. Afsien van Concatenate, noem die twee funksies wat gebruik word om die item kode te genereer. (2)
- 8.2.2 Die =VLOOKUP(H2,A2:E6,5,FALSE) funksie is in sel I2 ingevoer om die Aankoop Prys van 'n item te vind. Verduidelik die doel van die volgende parameters/argumente in die VLOOKUP-funksie:
  - H2
  - FALSE
 Noem die parameter/argument duidelik gevolg deur jou antwoord. (2)
- 8.2.3 Noem die sel waarin woordomvou ('word wrapping') gebruik moes geword. (1)



8.3 'n Databasistabel is geskep om die data van leerders wat by 'n skool ingeskryf is, te stoor. Die struktuur en 'n deel van die tabel met data word hieronder getoon. Beantwoord die volgende vrae.

Field Name	Data Type
ID	AutoNumber
Name - Naam	Short Text
Surname - Van	Short Text
Grade - Graad	Number
Date enroled - Datum ingeskryf	Date/Time

ID	Name - Naam	Surname - Van	Grade - Graad	Date enroled - Datum ingeskryf
1	Peter	Makoba	10	2017-01-31
2	Jolene	Brits	10	2017-01-15
3	Sean	Alendale	11	2016-01-07
4	Chris	Burger	11	2016-03-21
5	Anina	Peterson	12	2016-02-02

8.3.1 Hoe sal die datum van die eerste rekord, in die datum ingeskryf-veld vertoon word as die formaat na DD-MMM-YY verander? (1)

8.3.2 Identifiseer die eienskap wat gebruik kan word om slegs die graad 11-inskrywings te sien terwyl dit in die datablad-aansig ('datasheet view') van die tabel is. (1)

8.3.3 Die volgende navraag is geskep. Watter van die vyf rekords wat gegee word, sal teruggestuur/vertoon word as die navraag uitgevoer word? Motiveer jou antwoord.

Field:	Name - Naam	Surname - Van	Grade - Graad	Date enroled - Datum ingeskryf
Table:	Table1	Table1	Table1	Table1
Sort:				
Show:	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>	<input checked="" type="checkbox"/>
Criteria:	"Peter"			
or:				>#2016-01-01#

8.3.4 Skryf die kriteria wat jy sou invoer om al die graad 10-leerders wie se name met die letter 'B' begin, op te spoor. Skryf slegs die naam van die veld wat jy sal gebruik, gevolg deur die kriteria vir daardie veld. (2)

8.4 Verduidelik die doel van die volgende kode.

```
<a href="Page1.html">
```

```
  
```

```
</a>
```

(2)

8.5 Wat het die <p></p> merkers en die gebruik van twee <br/> merkers, bv. <br/><br/> in gemeen? (1)

[15]

**TOTAAL AFDELING B: [75]**



## AFDELING C: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Neem die scenario hieronder in ag wanneer jy Vraag 9 en 10 beantwoord.

### SCENARIO

'n Liefdadigheidsorganisasie open winkels landwyd. Mense sal items aan die winkels skenk wat die winkels dan sal verkoop. Die organisasie het 'n hoofkantoor vanwaar al die winkels bestuur sal word. Die hoofkantoor en alle winkels is in 'n netwerk verbind.

### VRAAG 9: INTEGRASIE


9.1 Die organisasie oorweeg dit om twee rekenaars in elke winkel te installeer. Die spesifikasies van hierdie rekenaars is soos volg:

Rekenaar A	Rekenaar B
<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verwerker (CPU): Intel Core i5</li> <li>• Geheue (RAM): 8 GB RAM</li> <li>• Berging: 256 GB SSD</li> <li>• Bedryfstelsel: Windows 10</li> <li>• Monitor: 19-duim-monitor</li> <li>• Grafika: Geïntegreerde grafika</li> <li>• Toevoertoestelle: Sleutelbord en muis</li> <li>• Strepieskode skandeerder</li> <li>• Verkooppuntstelsel (POS)</li> <li>• Netwerkverbinding: Ethernet-poort en Wi-Fi-vermoë</li> <li>• Sekuriteit: Antivirus sagteware</li> <li>• Poorte: USB-poorte</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verwerker (CPU): Intel Core i7</li> <li>• Geheue (RAM): 16 GB RAM</li> <li>• Berging: 512 GB SSD</li> <li>• Bedryfstelsel: Windows 11</li> <li>• Monitor: 21-duim-monitor</li> <li>• Grafika: Toegewyde grafika</li> <li>• Toevoertoestelle: Sleutelbord en muis</li> <li>• Strepieskode skandeerder</li> <li>• Verkooppuntstelsel (POS)</li> <li>• Netwerkverbinding: Gigabit</li> <li>• Ethernet-poort en Dubbelband Wi-Fi-vermoë</li> <li>• Sekuriteit: Antivirus sagteware</li> <li>• Poorte: Veelvuldige USB</li> </ul>

- 9.1.1 Behalwe die grafiese spesifikasies, vind die TWEE spesifikasies wat aandui dat Rekenaar B vinniger as Rekenaar A sal verwerk. (2)
- 9.1.2 Gee TWEE redes waarom hierdie rekenaars by die betaalpunt gebruik sal word. (2)
- 9.1.3 Rekenaar A se grafika word as geïntegreerd gelys en Rekenaar B se grafika as toegewyd. Onderskei tussen geïntegreerde en toegewyde grafika in terme van die geheue wat elkeen gebruik. Dui geïntegreerd en toegewyd duidelik aan gevolg deur jou antwoord. (2)
- 9.1.4 Die SVE's van beide rekenaars sal multitaakverwerking ('multitasking') kan uitvoer. Gee 'n beskrywing van multitaakverwerking. (2)
- 9.1.5 Noem TWEE poorte wat gebruik word om 'n monitor aan hierdie rekenaars te koppel wat jy by die spesifikasies sal insluit. (2)



- 9.2 Lêersamepersing-sagteware ('file compression software') sal op al die rekenaars in die organisasie geïnstalleer word. Beantwoord die volgende vrae.
- 9.2.1 Beskryf kortliks TWEE redes vir die gebruik van lêersamepersing-sagteware. (2)
- 9.2.2 Gee EEN voorbeeld van lêersamepersing-sagteware. (1)
- 9.3 Foutiewe drukkers is baie frustrerend vir werknemers. Beskryf EEN sagteware- en EEN hardware-verwante rede waarom drukkers dalk wanfunksioneer. Sluit papier, ink/toner en kragverwante kwessies uit. (2)
- 9.4 Wanneer een van die admin personeel op die drukopsie gekliek het (nie vinnige druk ('quick print') nie), word die prent van drukkers hieronder vertoon. Beantwoord die vrae wat volg.



- 9.4.1 Die personeel wil na die Konica Minolta 1-drukker druk, maar elke keer as 'n personeelid probeer druk, word 'n verkeerde drukker bo-aan vertoon. Stel 'n oplossing voor wat hulle in staat sal stel om eenvoudig op die vinnige druk opsie te klik om na die Konica Minolta 1-drukker te druk. (1)
- 9.4.2 Verduidelik waarom 'n boodskap in die lys van drukkers 'Ready: 1 document waiting' vertoon. (1)
- 9.5 Bestuur sal verskeie besluite kan neem op grond van die data wat verkry word vanaf die verkooppunt-stelsel ('POS') wat in die winkels gebruik word. Bespreek kortliks DRIE afleidings wat gemaak kan word gebaseer op inligting wat van 'n POS-stelsel ingesamel word om bestuur te help met beplanning vir die toekoms. (3)



9.6 Vanaf Windows 10 kan jy 'n Windows-opdatering onderbreek ('pause'), maar daar is geen opsie om dit af te skakel nie. Dit het 'n beduidende impak op dienspakkette ('service packs'). Beantwoord die vrae wat volg.

9.6.1 Beskryf kortliks wat 'n dienspakket is. (1)

9.6.2 Noem TWEE voordele daarvan om jou bedryfstelsel gereeld op te dateer. (2)

9.7 Watter TWEE moontlike nadele is daar aan die sinkronisering van lêers? Sluit antwoorde wat verband hou met internettoegang uit. (2)

**[25]**



## VRAAG 10: INTEGRASIE

**NOTA:** Die scenario van Vraag 9 is ook van toepassing op vraag 10.

- 10.1 Gee 'n voorbeeld van tweefaktor-verifikasie wat geïmplementeer kan word wanneer toegang verkry word tot finansiële rekords wat op die netwerk van die organisasie gestoor is. (2)
- 10.2 Beskryf kortliks hoe videokonferensies/oproepe en videodeling ('video sharing') deur die liefdadigheidsorganisasie gebruik kan word. Dui videokonferensies en videodeling duidelik aan gevolg deur jou antwoord. (2)
- 10.3 Netwerksmoring ('throttling') en netwerkvorming ('shaping') is twee tegnieke wat gebruik word om netwerkverkeer te bestuur en te beheer. Onderskei tussen netwerksmoring en netwerkvorming in terme van die doel van elkeen. Dui smoring en vorming duidelik aan gevolg deur jou antwoord. (2)
- 10.4 Alle winkels sal 'n internetverbinding hê. Beantwoord die vrae wat volg.
- 10.4.1 In jou eie woorde, verduidelik wat die internet is en verskaf EEN gewilde rede waarom mense die internet gebruik. (2)
- 10.4.2 Verduidelik wat die Billike Gebruikersbeleid ('Fair Usage Policy') in terme van internetdienste is. (2)
- 10.5 Die IKT-koste om in al die winkels op te rig is baie hoog. Stel 'n oplossing voor om die aantal toestelle wat hulle moet koop te verminder en sodoende die koste te verlaag. Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.6 Die admin personeel wil al die bladsye in 'n groot dokument druk. Beskryf TWEE drukker instellings wat kan help om groen rekenarisering te bevorder. (2)
- 10.7 Sommige van die werknemers is studente wat op 'n tydelike basis by die winkels werk. Die studente kan nie bekostig om 'n kantoorpakket vir hulleself te koop nie. Verduidelik TWEE oplossings wat hulle kan implementeer om kantoorpakkette wettig te bekom. (2)
- 10.8 'n Teks-na-spraak-toepassing is by een van die winkels geïnstalleer. Watter spesifieke gestremdheid het die persoon wat die toepassing gebruik? (1)
- 10.9 Personeellede maak gebruik van 'n OKH ('OCR')-toepassing. Waarvoor staan OKH ('OCR') en verduidelik kortliks waarvoor dit gebruik word. (2)



10.10 Die 'Veranderingspoor' ('Track Changes')-eienskap in woordverwerking sagteware bied verskeie voordele, veral wanneer baie mense aan 'n dokument werk. Identifiseer TWEE maniere waarop elke persoon wat aan die dokument werk onderskei word. (2)

10.11 Die webontwikkelaar maak veranderinge aan die organisasie se webblad. Beantwoord die volgende vrae.

10.11.1 Identifiseer en korrigeer die TWEE foute in die gegewe HTML-kode deur slegs die gekorrigeerde reëls in die antwoordboek te skryf.

```
<html>
  <head>
    <title>HTMLFont size</title>
  </head>
  <body>
    <h1 style="color:red; font-size:=40px;" Heading</h1>
  </body>
</html>
```

 (2)

10.11.2 Die teks binne die <title>-afdeling word vertoon in die etiket van die blaaieroortjie (tab') of -venster. Gee TWEE ander doele vir die teks in die titel gedeelte. (2)

[25]

**TOTAAL AFDELING C: [50]**

**GROOTTOTAAL: [150]**